Maandag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 9:19-29

Fokusgedeelte: Romeine 9:21-24 (AFR2020)

## In vrymag is God geduldig met die goddelose en ontferm Hom in genade oor die gelowiges

Die Here het beloof dat Hy Hom in genade vir ewig aan Abraham en sy nageslag verbind. Tog was Ismael en Esau uitgesluit (Rom. 9:8, 11, 12). Van buite is die straatvrou van Jerigo, Ragab, en die Moabiet, Rut, weer ingesluit (Matt. 1:5). In vrymag sluit die Here in en ook uit.

Die apostel illustreer dit: Uit een stuk klei skep die pottebakker 'n kunswerk sowel as 'n alledaagse gebruiksartikel. Die hele mensdom is die een stuk klei wat Hy op twee maniere hanteer:

- Die mens het met sy val in sonde besluit hy wil sy eie god wees en daardeur God se eer aangetas. Sy besluit maak hom voorwerp van God se toorn. Verrassend betoon God groot geduld met diesulkes. Sy toorn is beheersd. Uiteindelik moet die hele aarde egter weet dat die Here waarlik God is. Hy vertoon sy toorn en toon sy krag teenoor diegene wat in goddeloosheid volhard. Dit gebeur finaal met die wederkoms van Christus.
- Die ander deel het God in sy vrymag bestem om voorwerpe van sy genadige ontferming te wees. Christus het die ontferming van God ook vir nie-Jode oopgesluit (Rom. 9:24). Dit is juis aan hierdie uitbreiding van God se ontferming te danke dat die gemeente in Rome tot stand gekom het en ook dat ons vandag bely dat ons aan die Here behoort.

Ons glo dat ons aan die Here behoort omdat ons deur die kosbare bloed van Jesus Christus van ons sondes gereinig is; dat die lewe saam met die Here in heerlikheid vir ons wag. Ons kan die Here God dankbaar wees dat Hy ons uit genade uitgekies het om syne te word; dat Hy ons deur sy Seun verlos het en dat Hy ons deur sy Gees in die ware geloof sal bewaar tot op die jongste dag toe.

*Sing Psalm 99-1:3, 5*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*